NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

❖ **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
❖ **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
❖ **Kampterreine:**
Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
Magaliesberg : Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

❖ Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

26 Mei 2023: Nr 18/2023

Warmnuus

❖ Saakgelastigdekursus

Maandag *12 Junie* en Dinsdag *13 Junie*

Aangebied deur Magaliesberg Gesinskerk en die Ring van Krokodilrivier. Theo Oosthuyzen skryf soos volg: "Hiermee word alle belangstellendes uitgenooi na 'n ***kursus vir saakgelastigdes, kerkkantoorpersoneel en selfs predikante gehou*** te ATKV Buffelspoort."
* Kliek hier en lees meer oor die 4 opsies, koste en ander inligting.
* Registreer *vóór of op Woensdag 7 Junie* (11:00) by Theo (082 388 5002).

Sinodenuus

❖ Survivorkamp: Slegs R850!

26-30 Junie

Spesiaal vir Grade 8 – 11's Badseloop Mookgophong

* **Gr 8-11** kom kamp saam as SURVIVORS **(Kampgeld R1000. Betalings ontvang voor 31 Mei betaal slegs R850)** - Kliek hier vir die inskrywingsvorm.

* **Gr 12 en studende** kom kamp as Personeel / Groepleiers (Personeel kamp reeds vanaf Saterdag 24 Junie) - Kliek hier vir die inskrywingsvorm vir *personeel*. R1100 kampgeld.
Kliek hier vir die *inligtingsbrief*; Kliek hier vir 'n bemarkingsvideo.
Kampleier: Ds André Botha 079 516 7641 / Inskrywings: Anita Hurn 015 491 3537 (hurnanita@gmail.com).

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Beroepe

<<< **Theo Oosthuyzen** [Marikana] het die beroep na Krokodilrivier aanvaar met ingang 1 Julie. Sy afskeidspreek vind op 11 Junie by Buffelspoort plaas.

>>> **Retha Kruidenier** [Mootvallei] het die beroep na Pretoria-Faerie Glen aanvaar. Haar afskeidspreek vind op 18 Junie (9:00) plaas.

<<< **Sebastiaan van Dyk** [Kemptonkruin] is beroep na SA Gemeente, Londen. Hy het die beroep as leraar vir 'n vyfjaarkontrak aanvaar met ingang 1 Oktober.

❖ Verjaarsdagwense

28/05 Martiens Swart [Emeritus]
30/05 Johann Joubert [Emeritus]; Trix Truter [Emeritus];
31/05 Johan Haasbroek [Emeritus]
01/06 Bertus Badenhorst [Emeritus]; Cornel Viljoen [Ellisras-Wes]; EJ Leach [Sendingwerk in Indïe];
03/06 André Vivier [Emeritus]

31/05 Ingrid Esterhuizen [Eggenote van Francois, Raslouw]
01/06 Anneliese Bothma [Eggenote van Gerhard Bothma]; Lourens Strauss [Eggenoot van Alwine, Kameeldrif];
03/06 Melanie Wildenboer [Eggenote van Johan, Florandia]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Harare [28/05/1901] **>>>**
Northam [31/05/1941]

Harare word hierdie jaar 122 jaar oud.

❖ Universiteitsoord

Orrelkonsertreeks: Herfskonsert [Kliek hier vir die program]
28 Mei (11:00) Daniël Nel: "*Van Portugal na Pretoria*". Toegang: Donasie.

❖ Queenswood

Basaar: *3 Junie* (9:00-13:00), Garretlaan, Queenswood
Wit Olifante, gereedskap, boeke, baie lekker eetgoed, skyfskiet met pryse, speletjies vir die kinders; Talentkompetisie: kom wys jou talente - enige iets - en die wenner ontvang R1 000. Inskrywingsfooi: R50
Navrae: 012 333 1797 of 012 333 3969.

❖ Andrew Murray



"Looking up in wonder": Vrydag, *9 Junie* om 18:30
Prof David Block besoek NG Gemeente Andrew Murray Pretoria (Whitestraat 501, Bailey's Muckleneuk) vir 'n praatjie (in Engels aangebied) oor die wonders en doel van die heelal. Toegang is gratis, maar ons bied 'n opsionele SOP & SJERRIE teen R100 per persoon. **Besprekings is noodsaaklik**: Anthony 0834751919.

❖ Quaggapoort

Louis Loock, voorheen van die groep ROMANZ, kom tydens die oggenddiens op Sondag, *11 Junie* (09:00) optree. **>>>** Toegang is GRATIS. Eredienskollekte sal opgeneem word.

❖ Koedoeskop Gemeenskapskerk

Koedoesfees: *16-18 Junie*
Kom vier saam fees in die Bosveld!
Navrae: 083 272 2147/ www.koedoefees2023.co.za

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram vir 2023: Kliek hier**.**
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Dink nuut oor jou bediening
Spesiaal gerig op **predikante in die middelfase van hulle bediening**.
Kliek hier vir volledige inligting.
29 Mei: **Hoe lyk ons identiteit as predikante.** Kliek hier vir die advertensie.
Inskrywingsvorm: Kliek hier. **VBO punte** 30.

"Kom ons lees die Bybel" [Zoom]
Kom ons lees Deuteronomium: *13-14 Junie* (08:30-16:30). Kliek hier vir meer inligting.
In hierdie werkswinkel word daar gefokus op die eerste 5 boeke van die Ou Testament (die *torah)* en meer spesifiek op die boek Deuteronomium. Wat is die implikasie as ons dié boek lees deur die lens van missionaliteit? Aanbieder: André Bartlett. **VBO punte** 20. **Registrasie**: Kliek hier (Sluitingsdatum: *11 Junie*).

Pastorale Berading [Zoom]
Mede-afhanklikheid en emosionele gebrokenheid
Pastorale perspektiewe: *20 Junie* (09:00-13:00). Kliek hier vir meer inligting.
Aangebied deur prof Wentzel Coetzer [Navrae: 0836600409 of epos: wentzelc@gmail.com.]
VBO punte 5; **Registrasie:** Kliek hier.

Prediking van die Ou Testament
Dennis Olson. *20 Junie*. Kliek hier vir die besonderhede.

Argiefkonferenie
The Archives, The Researcher and the Educator [Follow this link for the program]
Andrew Kok & Amy Rommelspacher.
Venue: Andrew Murray Centre for Spirituality, Wellington on *20 June*.
Registration: Follow this link to confirm your attendance **before *16 June*** and see the programme attached.
Enquiries: argief@kaapkerk.co.za.

Brugbediening
Doel: Verandering van predikant in 'n gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid, totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brugpredikante op te lei vir die fastilitering tydens hierdie oorgang, tot voordeel van die gemeente.
Datums: Week 1: 31 *Julie - 4 Augustus* / Week 2: *30 Okt - 2 Nov.*
Kursusleier: Prof Malan Nel; **Koste:** R2 800; **Plek:** Stellastraat. **VBO Punte**: 70. **Kontak:** Irene Thomas, 012 420 4952/irene.thomas@up.ac.za.

Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode: Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

CMR Noord: Die volgende poste is beskikbaar:
* Senior Financial Administrator
* CMR Fund Raiser
All enquiries and applications should be submitted to L. Ferreira at cmr@cmrn.co.za by *31 May 2023.*

Warmbad Moedergemeente
Voltydse leraarspos: Kliek hier vir die volledige advertensie.
Sluitingsdatum: *31 Mei*. **Diensaanvaarding**: *1 Augustus.*
Navrae: kantoor@ngwarmbad.co.za / 014 736 2788

Rustenburg-Proteapark
Voltydse leraarspos: Kliek hier vir die volledige advertensie.
Die gemeente word tans deur een jeugwerker en twee voltydse leraars bedien waarvan een leraar *Maart 2024* die gemeente groet.
Sluitingsdatum: *30 Junie.* **Diensaanvaarding**: *1 Januarie 2024*.

Warmbad-Wes
Voltydse leraarspos (Vlak 4 van sinodale riglyne): Kliek hier vir die volledige advertensie.
Diensaanvaarding: *1 September* of soos onderling ooreengekom.

Wonderpark
Musiekkoördineerder: Kliek hier vir die volledige advertensie.
Sluitingsdatum: *17 Julie*. **Diensaanvaarding**: *1 Augustus.*

Wêreldbiddag vir vroue
Kantooradministrateur / Koördineerder: Kliek hier vir die volledige advertensie
Sluitingsdatum: *31 Mei*. **Navrae:** Joa van Aarde by wwdpsa@gmail.com.

Naskrif

'n Wenk om Pinkster prakties te gaan leef...

Resep vir HOOP

½ Koppie Rys
½ Koppie Sopmengsel
½ Koppie Lensies
1 Blokkie Beesvleisaftreksel
1 Pakkie Soppoeier

Kook al die bestanddele saam in 2 liter water tot gaar (30 minute).

Voed 4 tot 6 persone

[Geleen by Universiteitsoord]